DIE PROVINSIE TRANSVAAL

# Buitengewone Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRYS: S.A. 40c Plus 5c A.V.B. OORSEE: 50c

THE PROVINCE OF TRANSVAAL

# Official Gazette Extraordinary

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRICE: S.A. 40c Plus 5c G.S.T. OVERSEAS: 50c

Vol 233 PRETORIA 16 MAART / 16 MARCH 1990 4669

## Administrateurskennisgewing

Administrateurskennisgewing 141 16 Maart 1990

STADSRAAD VAN SOWETO: VERORDENINGE OOR TARIEWE VIR SEKERE DIENSTE GELEWER EN VIR DIE VOORSIENING OF GEBRUIK VAN SEKERE FASILITEITE

Ingevolge artikel 27 van die Wet op Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet No. 102 van 1982), kondig die Administrateur die verordeninge in die Bylae vervat, deur die Stadsraad van Soweto met die goedkeuring van die Administrateur gemaak, hierby af.

BYLAE

**Omskrywings**

1. In hierdie Verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

"besigheidsperseel" 'n perseel in die stad wat vir handels-, besigheids- of beroepsdoeleindes afgesonder is, en "besigheid" het 'n ooreenstemmende betekenis;

"diverse dienste" dienste wat deur die Stadsraad gelewer word met betrekking tot aangeleenthede uiteengesit in die Bylae tot die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet No. 102 van 1982), of die voorsiening deur die Stadsraad van enige van die fasiliteite waarna in bedoelde bylae verwys word; met uitsluiting van sodanige dienste of fasiliteite waarvoor tariewe by enige ander artikel van hierdie Verordeninge bepaal word;

"hierdie Verordeninge" hierdie verordeninge en enige latere wysiging of toevoeging daartoe;

"houer" 'n persoon —

(a) aan wie 'n perseel in die stad toegewys is; of

(b) wat 'n reg van huurpag oor 'n perseel het soos wat sodanige reg in artikel 1 van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984 (Wet No. 4 van 1984), gedefinieer word; of

(c) wat eiendomsreg van 'n perseel verkry het ingevolge die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984 (Wet No. 4 van 1984); of

(d) aan wie 'n perseelpermit of 'n sertifikaat soos omskryf in die Wet op die Omskakeling van sekere Regte in Huurpag, 1988 (Wet No. 81 van 1988), uitgereik is of 'n persoon soos bedoel in artikel 6(1) van genoemde Wet;

## Administrator's Notice

Administrator's Notice 141 16 March 1990

CITY COUNCIL OF SOWETO: BY-LAWS ON TARIFFS FOR CERTAIN SERVICES RENDERED AND FOR THE SUPPLY OR USE OF CERTAIN FACILITIES

In terms of section 27 of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act No. 102 of 1982) the Administrator hereby publishes the by-laws contained in the Schedule made by the City Council of Soweto with the approval of the Administrator.

SCHEDULE

**Definitions**

1. In these By-laws, unless the context otherwise indicates —

"business premises" means premises in the city which have been set aside for trading, business or professional purposes, and "business" has a corresponding meaning;

"church premises" means premises in the city which have been set aside for use as a place of public worship, and "church" has a corresponding meaning;

"city" means the area of jurisdiction of the Soweto City Council;

"City Council" means the City Council of Soweto referred to in Government Notice R.2112 of 23 September 1983 and in regard to duties performed or to be performed on behalf of the City Council, include the appropriate department of the City Council or a person in the service of the City Council performing such duties;

"holder" means a person —

(a) to whom premises in the city have been allocated; or

(b) having a right of leasehold of such premises as such right is defined in section 1 of the Black Communities Development Act, 1984 (Act No. 4 of 1984); or

(c) who has acquired ownership of such premises in terms of the Black Communities Development Act, 1984 (Act No. 4 of 1984); or

(d) to whom a site permit or a certificate as defined in the Conversion of Certain Rights to Leasehold Act, 1988 (Act No. 81 of 1988), has been issued or a person referred to in section 6(1) of the said Act;

"kantoorure" die tye tussen 07:30 en 13:00, en 14:00 en 16:00, op enige Maandag tot Vrydag wat nie 'n openbare vakansiedag is nie;

"kerkperseel" 'n perseel in die stad wat vir openbare godsdiensbeoefening afgesonder is en het "kerk" 'n ooreenstemmende betekenis;

"nywerheidsperseel" 'n perseel wat slegs of hoofsaaklik vir nywerheidsdoeleindes gebruik word;

"plakker" elke volwasse manlike persoon tussen die ouderdom van 21 en 50 jaar oud wat 'n hut, kaia, tent of soortgelyke struktuur okkupeer op 'n perseel ten opsigte waarvan geen houer enige regte het nie, en welke perseel binne die gebied van die Stadsraad geleë is;

"skoolperseel" enige perseel in die stad wat vir onderwysdoeleindes afgesonder is;

"stad" die gebied van die Stadsraad van Soweto;

"Stadsraad" die Stadsraad van Soweto, bedoel in Goewermentskennisgewing R.2112 van 23 September 1983, en in verband met pligte uitgevoer of wat uitgevoer moet word namens die Stadsraad, sluit dit die toepaslike departement van die Stadsraad in of 'n persoon in die diens van die Stadsraad wat sodanige pligte verrig;

"tehuis" 'n gebou ontwerp vir menslike bewoning wat bestaan uit 'n stel slaapsale wat onderling verbind of losstaande is, wat 'n gemeenskaplike kombuis en sanitêre, reinigings-, klerewas- en ander fasiliteite insluit en wat 'n bate van die Stadsraad is;

"verbeterde tehuis" 'n tehuis wat omskep is deur elke slaapsaal te verdeel in 'n aantal vertrekke wat geskik is vir enkelbewoning welke stel vertrekke beskik oor 'n gemeenskaplike kombuis en sanitêre, reinigings- en klerewasfasiliteite;

"straathandelstalletjie" die plek of struktuur wat gebruik word deur 'n persoon soos bedoel in artikel 10 van die Verordeninge betreffende Strate en Straatkollektes, afgekondig by Goewermentskennisgewing R.2606 van 2 Desember 1983, om sy handelsware uit te stal;

"vooruitbetaalde meterstelsel" die stelsel waarvolgens elektrisiteit voorsien word op 'n vooruitbetaalde basis;

"woonperseel" enige perseel in die stad behalwe besigheids-, kerk-, nywerheids- of skoolperseel.

**Tariewe vir diverse dienste**

2.(1) 'n Houer van 'n perseel waarna verwys word in Aanhangsels 1 en 3 moet aan die Stadsraad, vir elke maand of gedeelte van elke maand wat hy die houer van sodanige perseel is, die ooreenstemmende bedrag waarna verwys word in Aanhangsels 1 en 3 betaal vir diverse dienste gelewer.

(2) 'n Persoon wat 'n straathandelstalletjie bedryf, moet elke maand of gedeelte van 'n maand aan die Stadsraad die bedrag soos uiteengesit in Aanhangsel 1 betaal.

(3) 'n Okkupeerder van 'n tehuis in die stad moet maandeliks die toepaslike bedrag soos bepaal in Aanhangsel 3 ten opsigte van die bedoelde tehuis betaal.

(4) 'n Plakker moet maandeliks aan die Stadsraad die toepaslike bedrag betaal soos uiteengesit in Aanhangsel 1.

**Tarief vir elektrisiteit**

3.(1) 'n Verbruiker, behalwe 'n houer is ten opsigte van 'n perseel waar elektrisiteit gelewer word deur die vooruitbetaalde meterstelsel, moet aan die Stadsraad die bedrag betaal

"hostel" means a building designed for human habitation, which consists of a suite of dormitories which may be interconnected or detached, which includes a communal kitchen and sanitary, cleaning, laundry and other facilities and which is an asset of the City Council;

"improved hostel" means a hostel which has been converted by subdividing each dormitory into a set of single rooms which set of rooms shares a communal kitchen and sanitary, cleaning and laundry facilities;

"industrial premises" means premises used only or mainly for industrial purposes;

"miscellaneous services" means services rendered by the City Council with regard to matters set forth in the Schedule to the Black Local Authorities Act 1982 (Act No. 102 of 1982), or the supply by the City Council of any of the facilities referred to in the said Schedule, excluding such services or facilities for which tariffs are determined by any other section of these By-laws;

"office hours" means the times between 07:30 and 13:00, and 14:00 and 16:00, on any Monday to Friday which is not a public holiday;

"prepaid metering system" means the system by which electricity is provided on a prepaid basis;

"residential premises" means any premises in the city other than business, church, industrial or school premises;

"school premises" means any premises in the city which have been set aside for educational purposes;

"squatter" means each adult male aged between 21 years and 50 years who occupies a hut, shack, tent or similar structure on premises in regard to which no holder has any rights and which premises are within the area of the City Council;

"street trading stall" means the place or structure which is utilized by a person referred to in section 10 of the By-laws relating to Streets and Street Collections published under Government Notice R. 2606 of 2 December 1983, to display his merchandise;

"these By-laws" means these by-laws and any subsequent amendment or addition thereto.

**Tariffs for miscellaneous services**

2.(1) A holder of premises referred to in Annexures 1 and 3 shall pay to the City Council, for every month or part of every month that he is holder of such premises, the corresponding amount referred to in Annexures 1 and 3 for miscellaneous services rendered.

(2) The operator of a street trading stall shall pay to the City Council the amount set out in Annexure 1 for every month or part of a month.

(3) An occupier of a hostel in the city shall pay monthly the relevant sum stated in Annexure 3 in respect of the hostel designated.

(4) A squatter shall pay monthly to the City Council the relevant amount set out in Annexure 1.

**Tariff for electricity**

3.(1) A consumer other than one who is a holder in respect of premises to which electricity is supplied through the pre-paid metering system, shall pay to the City Council the amount as

soos uiteengesit in Aanhangsels 2 en 4, onafhanklik daarvan of elektrisiteit gedurende die maand verbruik is al dan nie.

(2) 'n Verbruiker wat 'n houer is van 'n perseel waar elektrisiteit gelewer word deur die vooruitbetaalde meterstelsel betaal vooruit aan die Stadsraad die bedrag van 10,5c per kWh elektrisiteit wat gelewer gaan word.

(3) By die toepassing van subartikels (1) en (2) beteken "verbuiker" die okkupeerder van 'n perseel in die stad waaraan die Stadsraad elektrisiteit lewer of, in die geval van so 'n persëel wat nie geokkupeer word nie, die houer daarvan, en ook enigiemand anders aan wie die Stadsraad, uit hoofde van 'n ooreenkoms of ander wettige oorsaak, ten opsigte van enige perseel elektrisiteit lewer.

**Elektrisiteitaansluitingsgelde**

4.(1) Voordat 'n elektrisiteitsaansluiting gedoen word, betaal die aansoeker 'n deposito van R50,00 sowel as die aansluitingsgelde soos uiteengesit in Aanhangsel 6, aan die Stadsraad.

(2) Voordat 'n heraansluiting van elektrisiteit gedoen word, betaal die aansoeker die heraansluitingsgelde soos uiteengesit in Aanhangsel 6, aan die Stadsraad.

**Tariewe vir goedkeuring van bouplanne**

5. 'n Aansoeker om die goedkeuring van 'n bouplan betaal aan die Stadsraad by aansoek die toepaslike bedrag uiteengesit in Aanhangsel 5.

**Tarief vir toesig oor bouwerk**

6. 'n Houer betaal aan die Stadsraad 'n bedrag van R20,00 ten opsigte van die toesig wat die Stadsraad uitoefen oor die oprigting of verandering van of enige aanbouing aan 'n woning, kerk, besigheid, ander gebou, buitegebou of ander struktuur op sy perseel.

**Verwydering van bouafval**

7.(1) Voordat 'n aanvang gemaak word met bouwerk op 'n woonperseel betaal die houer van die woonperseel 'n bedrag van R200,00 aan die Stadsraad as waarborg dat alle bouafval verwyder sal word vanaf die perseel na 'n goedgekeurde stortingsterrein na afloop van die bouwerk.

(2) Die bedrag van R200,00 genoem in subartikel (1) word terugbetaal aan die houer nadat die bouafval, na afloop van die bouwerk, tot bevrediging van die Senior Dorpsbestuurder van die gebied, verwyder is na 'n goedgekeurde stortingsterrein.

**Verwydering van rioolblokkasies**

8. Die houer van 'n woonperseel betaal aan die Stadsraad 'n bedrag van R10,00 per besoek vir die verwydering van 'n rioolblokkasie op sy perseel.

**Gelde ten opsigte van teraardebestellings**

9. Die toepaslike bedrag hieronder vermeld is aan die Stadsraad vooruitbetaalbaar deur 'n begrafnisondernemer ten opsigte van 'n teraardebestelling wat deur hom uitgevoer word:

(a) 'n Begrafnisondernemer wat sy besigheidsperseel in die stad het .................................... R10,00;

(b) 'n Begrafnisondernemer wie se besigheid nie binne die stad geleë is nie, maar binne die gebied van die stad van Diepmeadow of Dobsonville. R30,00;

(c) Enige ander begrafnisondernemer. R150,00.

**Bedrag vir afskrif van of uittreksel uit dokument en soekgelde**

10. Iemand wat om 'n afskrif van of uittreksel uit enige dokument, of enige ander inligting onder die beheer van die Stads-

set out in Annexures 2 and 4, whether any electricity was consumed during the month or not.

(2) A consumer who is a holder in respect of premises to which electricity is supplied through the pre-paid metering system shall pay in advance to the City Council the amount of 10,5c per kWh for electricity to be supplied.

(3) For the purposes of subsections (1) and (2) "Consumer" means the occupier of premises to which the City Council supplies electricity or, in the case of such premises which are not occupied, the holder thereof, and includes any other person to whom the City Council, by virtue of an agreement or other lawful cause, supplies electricity to any premises.

**Electricity connection fees**

4.(1) Before an electricity connection will be effected the applicant shall pay to the City Council a deposit of R50,00 as well as the connection tariff as set out in Annexure 6.

(2) Before a reconnection of electricity will be effected the applicant shall pay to the City Council the reconnection tariff as set out in Annexure 6.

**Tariffs for approval of building plans**

5. An applicant for the approval of a building plan shall pay to the City Council on application the applicable amount set out in Annexure 5.

**Tariff for supervision of building works**

6. A holder shall pay to the City Council an amount of R20,00 in respect of the supervision the City Council exercises over the erection, alteration or addition to a dwelling, church, business, other building, outbuilding or other structure on his premises.

**Removal of building rubbish**

7.(1) Before the commencement of building operations on residential premises the holder of the residential premises shall pay to the City Council the amount of R200,00 as warranty that all building rubbish will be removed from the premises to an approved tipping site at the conclusion of building operations.

(2) The amount of R200,00 referred to in subsection (1) shall be refunded to the holder after all building rubbish has been removed to an approved tipping site at the conclusion of building operations, to the satisfaction of the Senior Township Manager of the area.

**Removal of sewer blockages**

8. The holder of residential premises shall pay to the City Council the amount of R10,00 per visit for the clearing of a sewer blockage on his premises.

**Fees payable in respect of burials**

9. The applicable amount referred to hereunder shall be payable in advance to the City Council by an undertaker in respect of a burial performed by him:

(a) An undertaker having his business premises in the city .......................................... R10,00;

(b) An undertaker having his business premises not in the city but within the area of the city of Diepmeadow or Dobsonville ...................... R30,00;

(c) Any other undertaker ........................ R150,00.

**Amount payable for copy of or extract from document and search fees**

10. A person applying for a copy of or extract from any document or any other information under the control of the City

raad aansoek doen, betaal by aansoek aan die Stadsraad die toepaslike bedrag soos uiteengesit in Aanhangsel 7 vir die afskrif, uittreksel of inligting deur die Stadsraad aan hom verskaf.

**Tye en plek van betaling**

11.(1) Enige bedrag betaalbaar aan die Stadsraad ingevolge hierdie Verordeninge word betaal gedurende kantoorure by enige kantoor van die Stadsraad wat vir dié doel afgesonder is.

(2) Die diverse dienstegelde waarna verwys word in Aanhangsels 1 en 3, is elke maand verskuldig en betaalbaar, en moet betaal word op of voor die sewende dag van elke maand.

(3) Die tariewe vir elektrisiteit waarna verwys word in Aanhangsels 2 en 4, is verskuldig en betaalbaar op of voor die sewende dag van die maand wat volg op die maand waarin die elektrisiteit verbruik is, of vir verbruik beskikbaar gestel is.

**Stappe teen wanbetalers**

12. Indien 'n houer versuim om enige bedrag wat ingevolge hierdie Verordeninge aan die Stadsraad betaalbaar is, binne dertig dae nadat die bedrag ooreenkomstig artikel 11(2) en (3) betaal moet word, mag die Stadsraad, sonder benadeling van enige ander regsmiddel tot sy beskikking, enige dienste aan die houer opskort totdat die bedrag betaal is.

**Herroeping van wette**

13. Die wette, kennisgewings en bepalings soos uiteengesit in Aanhangsel 8 word hierby herroep.

**Inwerkingtreding**

14. Hierdie Verordeninge tree in werking op die eerste dag van die maand wat volg op die datum van publikasie hiervan, behalwe dat die tariewe ten opsigte van Power Park in Aanhangsel 3 en 4 in werking sal tree op die datum waarop Power Park ingelyf word binne die gebied van die Stadsraad van Soweto.

## AANHANGSEL 1

Tariewe vir diverse dienste

1. Woonperseel

(a) Woonpersele — Die toepaslike bedrag soos uiteengesit in Aanhangsel 3.

(b) Woonperseel waarop kaias, hutte, tente of soortgelyke strukture vir woondoeleindes geokkupeer word, die bykomende bedrag van R10 per kaia.

(c) Woonperseel waar buitegeboue (hetsy aan die woning verbind of nie) toegevoeg is op enige datum ná die aanvanklike voltooiing van die woning, en waar sodanige buitegeboue vir woondoeleindes geokkupeer word, die bykomende bedrag van R20 per buitegebou.

(d) Woonperseel waarop 'n woning nie opgerig is nie ten opsigte waarvan 'n houer regte het en waarop kaias, hutte, tente of soortgelyke strukture geokkupeer word vir woondoeleindes — die bedrag van R10 vir elk sodanige kaia, hut, tent of soortgelyke struktuur.

2. Besigheidspersele en ander nie-woonpersele

(a) Besigheidspersele, die eiendom van die Stadsraad:

(i) In Orlando ........................................ 75c;

(ii) In die stad uitsluitende Orlando. R1,50,

Council, shall on application pay to the City Council the applicable amount as set out in Annexure 7 for such copy, extract or information supplied to him by the City Council.

**Times and place of payment**

11.(1) Any amount payable to the city council in terms of these By-laws shall be paid during office hours at any office of the City Council set apart for that purpose.

(2) The miscellaneous services tariffs to which reference is made in Annexures 1 and 3, are due and payable each month, and shall be paid on or before the seventh day of each month.

(3) The tariffs for electricity to which reference is made in Annexures 2 and 4, are due and payable on or before the seventh day of the month following the month in which the electricity was consumed or made available for consumption.

**Steps against defaulters**

12. If a holder fails to pay any amount payable to the City Council in terms of these By-laws within thirty days after the amount is to be paid in accordance with sections 11(2) and (3), the City Council may, without prejudice to any other legal remedy at its disposal suspend any service to the holder until the amount has been paid.

**Repeal of laws**

13. The laws, notices and enactments set out in Annexure 8 are hereby repealed.

**Commencement**

14. These by-laws shall come into operation on the first day of the month following the date of publication hereof with the exception that the tariffs in respect of Power Park in Annexures 3 and 4 shall come into operation on the date on which Power Park is incorporated into the area of the City Council of Soweto.

## ANNEXURE 1

Tariffs for miscellaneous services

1. Residential premises

(a) Residential premises — The applicable amount as set out in Annexure 3.

(b) Residential premises where shacks, huts, tents or similar structures are occupied for residence, the additional amount of R10 per shack.

(c) Residential premises where outbuildings (whether connected to the dwelling or not) have been added at any stage after the initial completion of the dwelling, and are occupied for residence, the additional amount of R20 per outbuilding.

(d) Residential premises on which a dwelling has not been erected in regard to which a holder has rights and upon which shacks, huts, tents or similar structures are occupied for residence — the amount of R10 for each such shack, hut, tent or similar structure.

2. Business premises and other non-residential premises

(a) Business premises, the property of the City Council:

(i) In Orlando .................................... 75c;

(ii) In the city excluding Orlando .......... R1,50,

vir elke vierkante meter van die vloeroppervlakte van elke gebou op die perseel.

(b) Ander besigheidspersele of geboue waar die kapitale belegging in vaste bates R2,5 miljoen oorskry, die bedrag van —

(i) 7 sent vir elke vierkante meter van die totale oppervlakte van die perseel, aangepas met 10 % per jaar, saamgestel vir vyf jaar vanaf die datum waarop die perseel toegeken is; en

(ii) 25 sent vir elke vierkante meter van die oppervlakte onder dak,

indien die houer sodanige parkeergeriewe voorsien en onderhou as wat in die opinie van die Stadsraad voldoende is in verband met die perseel en die bedrywighede daarop: Met dien verstande dat indien sodanige voldoende parkeergeriewe nie voorsien word nie, die tarief 25 sent vir elke vierkante meter van die totale oppervlakte van die perseel sal wees.

(c) Ander persele of geboue waar die kapitale belegging in vaste bates nie R2,5 miljoen oorskry nie, 'n bedrag van 25 sent vir elke vierkante meter van die totale oppervlakte van die perseel: Met dien verstande dat indien parkeergeriewe deur die houer voorsien en onderhou word, die tarief ten opsigte van die parkeringsarea verminder sal word na 5,5 sent vir elke vierkante meter daarvan.

(d) Straathandelstalletjies wat deur die Stadsraad toegelaat word om as sodanig te funksioneer, 'n bedrag van R4 per stalletjie.

3. Nywerheidsperseel

Die houer moet aan die Stadsraad ten opsigte van elke nywerheidsperseel 'n bedrag betaal bereken teen 12 sent per vierkante meter van sodanige oppervlakte as wat die Stadsraad bepaal as bruikbaar vir nywerheidsdoeleindes ten opsigte van elke nywerheidsperseel.

4. Plakker

'n Plakker moet aan die Stadsraad betaal indien die hut, kaia, tent of soortgelyke struktuur wat hy okkupeer —

(i) voorsien is met 'n chemiese toilet ........... R25,00;

(ii) geleë is in 'n gebied wat voorsien is van 'n toiletblok ............................................ R15,00;

(iii) geleë is in 'n deurgangskamp waar water voorsien word, maar waar geen toiletfasiliteite bestaan nie ........................................................R3,00.

**AANHANGSEL 2**

Tarief vir elektrisiteit

1. Woonperseel

Die houer van 'n woonperseel moet die bedrag aangedui in Aanhangsel 4 betaal: Met dien verstande dat indien die houer 'n pensioenaris is, hy aansoek kan doen by die Stadsraad vir die toestemming van die Stadsraad om 'n verminderde tarief vir pensioenarisse te betaal soos op Aanhangsel 4 aangedui. Totdat sodanige aansoek skriftelik deur die Stadsraad goedgekeur is, moet 'n pensioenaris die bedrag betaal wat in Aanhangsel 4 aangedui word.

2. Nie-huishoudelike verbruiker

Ten opsigte van 'n besigheid, nywerheid, kliniek, hos-

for each square metre of the floor area of each building on the premises.

(b) Other business premises or buildings where the capital investment in fixed assets exceeds R2,5 million, the sum of—

(i) 7 cents for each square metre of the total area of the premises, escalating by 10 % per annum, compounded for five years from the date on which the premises were allocated; and

(ii) 25 cents for each square metre of the area under roof,

if the holder provides and maintains such parking facilities as are in the opinion of the City Council sufficient in relation to the premises and the activities therein: provided that if such sufficient parking facilities are not provided, the tariff shall be 25 cents for each square metre of the total area of the premises.

(c) Other business premises or buildings where the capital investment in fixed assets does not exceed R2,5 million, an amount of 25 cents for each square metre of the total area of the premises: Provided that if parking facilities are provided and maintained by the holder, the tariff in respect of the parking area shall be reduced to 5,5 cents for each square metre thereof.

(d) Street trading stalls permitted to be operated as such by the City Council, an amount of R4,00 per stall.

3. Industrial premises

The holder shall pay to the City Council in respect of each industrial site an amount calculated at 12 cents per square metre of such area as the City Council determines to be usable for industrial purposes in respect of each industrial site.

4. Squatter

A squatter shall pay to the City Council if the hut, shack tent or similar structure which he occupies—

(i) is provided with a chemical toilet.... R25,00;

(ii) is situated in an area provided with a toilet block .................................... R15,00;

(iii) is situated in a transit area supplied with water but with no toilet facilities.......R3,00.

**ANNEXURE 2**

Tariff for electricity

1. Residential premises

The holder of residential premises shall pay the amount indicated in Schedule 4: Provided that if the holder is a pensioner he may apply to the City Council for its approval to pay the reduced rate for pensioners as indicated on Annexure 4. Until such application is approved by the City Council in writing, a pensioner shall pay the amount indicated in Annexure 4.

2. Non-domestic consumer

In respect of a business, industry, clinic, hospital, pri-

pitaal, private koshuis, ontspanningsklub of -saal en skool, kerk of perseel waar godsdiens beoefen word, private woonstel of 'n behuisingseenheid waaraan 'n grootmaat-elektrisiteit voorsien word, moet die houer 'n *basiese heffing* van *R5 per maand of gedeelte daar*van (vir enkelfase) of R15 per maand of gedeelte daarvan (vir driefase), en 18 sent per kWh betaal vir elektrisiteitsverbruik met 'n maksimum aanvraag van 56 kVA: Met dien verstande dat 'n welsynsorganisasie by die Stadsraad aansoek kan doen om teen dieselfde tarief aangeslaan te word as die tarief wat toepassing geniet ten opsigte van verbruikers in woonpersele.

3. Grootmaatverbruiker

Ten opsigte van 'n nie-huishoudelike verbruiker wie se maksimum aanvraag 56 kVA oorskry, moet die houer 'n basiese heffing van R20 per maand of gedeelte daarvan betaal, en 4 sent per kWh betaal vir elektrisiteit verbruik, en 'n maksimum aanvraagheffing van R20 per kVA vir elektrisiteit wat verbruik word.

## AANHANGSEL 3

Tariewe vir diverse dienste: Woongebiede

| Gebied | Bedrag |
|---|---|
| **Jabavu Kompleks** | |
| Jabavu I | R 15,00 |
| Jabavu II | R 15,00 |
| Jabavu III | R 15,00 |
| C.W.J. | R 22,50 |
| Moroka | R 22,50 |
| Moroka-Noord | R 22,50 |
| Molapo | R 22,50 |
| **Orlando-Wes Kompleks** | |
| Orlando-Wes | R 22,50 |
| Orlando-Wes Uitbreiding | R 22,50 |
| Dube George Goch | R 22,50 |
| Dube | R 17,50 |
| **Zola Kompleks** | |
| Jabulani | R 22,50 |
| Zola-Suid | R 22,50 |
| Zola-Noord | R 22,50 |
| Emdeni-Noord | R 22,50 |
| Zola-Buffer | R 22,50 |
| Emdeni Uitbreiding | R 22,50 |
| Emdeni-Buffer | R 22,50 |
| Emdeni-Suid | R 22,50 |
| **Tladi Kompleks** | |
| Tladi | R 22,50 |
| Moletsane | R 22,50 |
| Naledi-Oos | R 22,50 |
| Naledi-Wes | R 22,50 |
| Naledi Uitbreiding | R 22,50 |
| Naledi Uitbreiding II | R 22,50 |
| **Pimville Kompleks** | |
| Klipspruit 2 Kamers | R 15,00 |
| Selection Park | R 37,50 |
| Klipspruit | R 22,50 |
| Pimville Gebied 1 | R 22,50 |
| Pimville Gebied 2 | R 22,50 |
| Pimville Gebied 3 | R 22,50 |
| Pimville Gebied 4 | R 22,50 |
| Pimville Gebied 5 | R 22,50 |
| Pimville Gebied 6 | R 22,50 |
| Pimville Gebied 6 Oos | R 22,50 |
| Pimville Gebied 7 | R 22,50 |

vate hostel, recreational club or hall and school, church or premises for religious worship, private flat or a housing unit supplied with bulk electricity, the holder shall pay a basic levy of R5 per month or part thereof (for *single phase) or R15 per month or part thereof* (for three phase) and 18c per kWh for electricity consumed with a maximum demand of 56 kVA: Provided that a welfare organisation may apply to the City Council to be charged at the same rate applicable to consumers in residential premises.

3. Bulk consumer

In respect of a non-domestic consumer whose maximum demand is in excess of a 56 kVA, the holder shall pay a basic levy of R20 per month or part thereof and 4c per kWh electricity consumed and a maximum demand levy of R20 per kVA electricity consumed.

## ANNEXURE 3

Tariffs for miscellaneous services: Residential areas

| Area | Amount |
|---|---|
| **Jabavu Complex** | |
| Jabavu I | R 15,00 |
| Jabavu II | R 15,00 |
| Jabavu III | R 15,00 |
| C.W.J. | R 22,50 |
| Moroka | R 22,50 |
| Moroka North | R 22,50 |
| Molapo | R 22,50 |
| **Orlando West Complex** | |
| Orlando West | R 22,50 |
| Orlando West Extension | R 22,50 |
| Dube George Goch | R 22,50 |
| Dube | R 17,50 |
| **Zola Complex** | |
| Jabulani | R 22,50 |
| Zola South | R 22,50 |
| Zola North | R 22,50 |
| Emdeni North | R 22,50 |
| Zola Buffer | R 22,50 |
| Emdeni Extension | R 22,50 |
| Emdeni Buffer | R 22,50 |
| Emdeni South | R 22,50 |
| **Tladi Complex** | |
| Tladi | R 22,50 |
| Moletsane | R 22,50 |
| Naledi East | R 22,50 |
| Naledi West | R 22,50 |
| Naledi Extension | R 22,50 |
| Naledi Extension II | R 22,50 |
| **Pimville Complex** | |
| Klipspruit 2 Rooms | R 15,00 |
| Selection Park | R 37,50 |
| Klipspruit | R 22,50 |
| Pimville Zone 1 | R 22,50 |
| Pimville Zone 2 | R 22,50 |
| Pimville Zone 3 | R 22,50 |
| Pimville Zone 4 | R 22,50 |
| Pimville Zone 5 | R 22,50 |
| Pimville Zone 6 | R 22,50 |
| Pimville Zone 6 East | R 22,50 |
| Pimville Zone 7 | R 22,50 |

| | |
|---|---|
| Power Park | R120,00 |
| Bester Homes (Angola) | R 37,50 |
| **Senaoane Kompleks** | |
| Phiri 4 Kamers | R 22,50 |
| Phiri 2 Kamers | R 15,00 |
| Molapo Uitbreiding | R 22,50 |
| Mapetla Uitbreiding | R 22,50 |
| Phiri | R 22,50 |
| Mapetla | R 22,50 |
| Senaoane | R 22,50 |
| **Orlando-Oos Kompleks** | |
| Orlando-Oos | R 15,00 |
| **Chiawelo Kompleks** | |
| Chiawelo 1 | R 22,50 |
| Chiawelo 2 | R 22,50 |
| Chiawelo 3 | R 22,50 |
| Chiawelo 4 | R 22,50 |
| Dlamini | R 22,50 |
| Dlamini Uitbreiding 1 | R 22,50 |
| Dlamini Uitbreiding 2 | R 22,50 |
| Protea-Noord | R 37,50 |
| Protea-Suid Uitbreiding | R 37,50 |
| Fox Lake | R 37,50 |
| **Mofolo Kompleks** | |
| Mofolo-Suid 2 Kamers | R 15,00 |
| Mofolo Woonstelle | R 15,00 |
| Mofolo-Noord | R 22,50 |
| Mofolo-Suid | R 22,50 |
| Mofolo-Sentraal | R 22,50 |
| Zondi | R 22,50 |
| **Jabulani Woonstelle** | |
| 3 x Slaapkamers | R 72,50 |
| 2 x Slaapkamers | R 62,50 |
| Duplekswoonstelle | R 92,50 |
| **Chiawelo Woonstelle** | |
| 2 x Slaapkamers | R 62,50 |
| Vrygeselwoonstelle | R 52,50 |
| **Damestehuise** | |
| Zondi | R 8,50 |
| Orlando-Wes | R 6,50 |
| **Manstehuise** | |
| Verbeterde Tehuis | R 17,50 |
| Tehuis | R 12,50 |
| **Opvulpersele** | |
| Alle opvulpersele ontwikkel na Januarie 1987 | R 37,50 |

## AANHANGSEL 4

Tarief vir elektrisiteit: Woongebiede

(a) Alle Verbruikers

| Gebied | Bedrag |
|---|---|
| **Jabavu Kompleks** | |
| Jabavu I | R30,00 |
| Jabavu II | R30,00 |
| Jabavu III | R30,00 |
| C.W.J. | R50,00 |
| Moroka | R50,00 |
| Moroka-Noord | R50,00 |
| Molapo | R50,00 |

| | |
|---|---|
| Power Park | R120,00 |
| Bester Homes (Angola) | R 37,50 |
| **Senaoane Complex** | |
| Phiri 4 Rooms | R 22,50 |
| Phiri 2 Rooms | R 15,00 |
| Molapo Extension | R 22,50 |
| Mapetla Extension | R 22,50 |
| Phiri | R 22,50 |
| Mapetla | R 22,50 |
| Senaoane | R 22,50 |
| **Orlando East Complex** | |
| Orlando East | R 15,00 |
| **Chiawelo Complex** | |
| Chiawelo 1 | R 22,50 |
| Chiawelo 2 | R 22,50 |
| Chiawelo 3 | R 22,50 |
| Chiawelo 4 | R 22,50 |
| Dlamini | R 22,50 |
| Dlamini Extension 1 | R 22,50 |
| Dlamini Extension 2 | R 22,50 |
| Protea North | R 37,50 |
| Protea South Extension | R 37,50 |
| Fox Lake | R 37,50 |
| **Mofolo Complex** | |
| Mofolo South 2 Rooms | R 15,00 |
| Mofolo Flats | R 15,00 |
| Mofolo North | R 22,50 |
| Mofolo South | R 22,50 |
| Mofolo Central | R 22,50 |
| Zondi | R 22,50 |
| **Jabulani Flats** | |
| 3 x Bedrooms | R 72,50 |
| 2 x Bedrooms | R 62,50 |
| Duplex Flats | R 92,50 |
| **Chiawelo Flats** | |
| 2 x Bedrooms | R 62,50 |
| Bachelor Flats | R 52,50 |
| **Women's Hostels** | |
| Zondi | R 8,50 |
| Orlando West | R 6,50 |
| **Men's Hostels** | |
| Improved Hostel | R 17,50 |
| Hostel | R 12,50 |
| **Infil Sites** | |
| All infil sites developed after January 1987 | R 37,50 |

## ANNEXURE 4

Tariff for electricity: Residential areas

(a) All consumers

| Area | Amount |
|---|---|
| **Jabavu Complex** | |
| Jabavu I | R30,00 |
| Jabavu II | R30,00 |
| Jabavu III | R30,00 |
| C.W.J. | R50,00 |
| Moroka | R50,00 |
| Moroka North | R50,00 |
| Molapo | R50,00 |

Orlando-Wes Kompleks

| | |
|---|---|
| Orlando-Wes | R50,00 |
| Orlando-Wes Uitbreiding | R50,00 |
| Dube George Goch | R50,00 |
| Dube | R50,00 |

Zola Kompleks

| | |
|---|---|
| Jabulani | R50,00 |
| Zola-Suid | R50,00 |
| Zola-Noord | R50,00 |
| Emdeni-Noord | R50,00 |
| Zola-Buffer | R50,00 |
| Emdeni Uitbreiding | R50,00 |
| Emdeni-Buffer | R50,00 |
| Emdeni-Suid | R50,00 |

Tladi Kompleks

| | |
|---|---|
| Tladi | R50,00 |
| Moletsane | R50,00 |
| Naledi-Oos | R50,00 |
| Naledi-Wes | R50,00 |
| Naledi Uitbreiding | R50,00 |
| Naledi Uitbreiding II | R50,00 |

Pimville Kompleks

| | |
|---|---|
| Klipspruit 2 Kamers | R30,00 |
| Selection Park | R50,00 |
| Klipspruit | R50,00 |
| Pimville Gebied 1 | R50,00 |
| Pimville Gebied 2 | R50,00 |
| Pimville Gebied 3 | R50,00 |
| Pimville Gebied 4 | R50,00 |
| Pimville Gebied 5 | R50,00 |
| Pimville Gebied 6 | R50,00 |
| Pimville Gebied 6 Oos | R50,00 |
| Pimville Gebied 7 | R50,00 |
| Power Park | R50,00 |
| Bester Homes (Angola) | R50,00 |

Senaoane Kompleks

| | |
|---|---|
| Phiri 4 Kamers | R50,00 |
| Phiri 2 Kamers | R30,00 |
| Molapo Uitbreiding | R50,00 |
| Mapetla Uitbreiding | R50,00 |
| Phiri | R50,00 |
| Mapetla | R50,00 |
| Senaoane | R50,00 |

Orlando-Oos Kompleks

| | |
|---|---|
| Orlando-Oos | R30,00 |

Chiawelo Kompleks

| | |
|---|---|
| Chiawelo 1 | R50,00 |
| Chiawelo 2 | R50,00 |
| Chiawelo 3 | R50,00 |
| Chiawelo 4 | R50,00 |
| Dlamini | R50,00 |
| Dlamini Uitbreiding 1 | R50,00 |
| Dlamini Uitbreiding 2 | R50,00 |
| Protea-Noord | R50,00 |
| Protea-Suid Uitbreiding | R50,00 |
| Fox Lake | R50,00 |

Mofolo Kompleks

| | |
|---|---|
| Mofolo-Suid 2 Kamers | R30,00 |
| Mofolo Woonstelle | R30,00 |
| Mofolo-Noord | R50,00 |
| Mofolo-Suid | R50,00 |
| Mofolo-Sentraal | R50,00 |
| Zondi | R50,00 |

Orlando West Complex

| | |
|---|---|
| Orlando West | R50,00 |
| Orlando West Extension | R50,00 |
| Dube George Goch | R50,00 |
| Dube | R50,00 |

Zola Complex

| | |
|---|---|
| Jabulani | R50,00 |
| Zola South | R50,00 |
| Zola North | R50,00 |
| Emdeni North | R50,00 |
| Zola Buffer | R50,00 |
| Emdeni Extension | R50,00 |
| Emdeni Buffer | R50,00 |
| Emdeni South | R50,00 |

Tladi Complex

| | |
|---|---|
| Tladi | R50,00 |
| Moletsane | R50,00 |
| Naledi East | R50,00 |
| Naledi West | R50,00 |
| Naledi Extension | R50,00 |
| Naledi Extension II | R50,00 |

Pimville Complex

| | |
|---|---|
| Klipspruit 2 Rooms | R30,00 |
| Selection Park | R50,00 |
| Klipspruit | R50,00 |
| Pimville Zone 1 | R50,00 |
| Pimville Zone 2 | R50,00 |
| Pimville Zone 3 | R50,00 |
| Pimville Zone 4 | R50,00 |
| Pimville Zone 5 | R50,00 |
| Pimville Zone 6 | R50,00 |
| Pimville Zone 6 East | R50,00 |
| Pimville Zone 7 | R50,00 |
| Power Park | R50,00 |
| Bester Homes (Angola) | R50,00 |

Senaoane Complex

| | |
|---|---|
| Phiri 4 Rooms | R50,00 |
| Phiri 2 Rooms | R30,00 |
| Molapo Extension | R50,00 |
| Mapetla Extension | R50,00 |
| Phiri | R50,00 |
| Mapetla | R50,00 |
| Senaoane | R50,00 |

Orlando East Complex

| | |
|---|---|
| Orlando East | R30,00 |

Chiawelo Complex

| | |
|---|---|
| Chiawelo 1 | R50,00 |
| Chiawelo 2 | R50,00 |
| Chiawelo 3 | R50,00 |
| Chiawelo 4 | R50,00 |
| Dlamini | R50,00 |
| Dlamini Extension 1 | R50,00 |
| Dlamini Extension 2 | R50,00 |
| Protea North | R50,00 |
| Protea South Extension | R50,00 |
| Fox Lake | R50,00 |

Mofolo Complex

| | |
|---|---|
| Mofolo South 2 Rooms | R30,00 |
| Mofolo Flats | R30,00 |
| Mofolo North | R50,00 |
| Mofolo South | R50,00 |
| Mofolo Central | R50,00 |
| Zondi | R50,00 |

Jabulani Woonstelle

| | |
|---|---|
| 3 x Slaapkamers | R50,00 |
| 2 x Slaapkamers | R50,00 |
| Duplekswoonstelle | R50,00 |

Chiawelo Woonstelle

| | |
|---|---|
| 2 x Slaapkamer | R50,00 |
| Vrygestelwoonstelle | R50,00 |

(b) Pensioenarisse

'n Houer wat 'n pensioenaris is, wat aansoek gedoen het en aan wie skriftelike toestemming deur die Stadsraad verleen is om 'n verminderde bedrag te betaal, betaal 'n verminderde bedrag van R20 per maand.

**AANHANGSEL 5**

Tariewe vir goedkeuring van bouplanne

(a) Ten opsigte van 'n wooneenheid

(i) Vir die oprigting van 'n wooneenheid — R40,00.

(ii) Vir die verbouing en/of toevoegings tot 'n wooneenheid — R20,00.

(b) Ten opsigte van 'n gemeenskapsfasiliteit en/of 'n geregistreerde welsynsorganisasie

(i) Vir die oprigting van 'n nuwe gemeenskapsfasiliteit — R40,00.

(ii) Vir die verbouing en/of byvoegings aan 'n gemeenskapsfasiliteit — R40,00.

(c) Ten opsigte van 'n besigheid, kantoor, nywerheid en mediese suite

Fooie betaalbaar, word bereken op die totale vloeroppervlakte van die gebou teen die volgende koerse:

Grondvloer: 67 sent per $m^2$ of gedeelte daarvan vir die eerste 1 000 $m^2$;

daarna 42 sent per $m^2$ of gedeelte daarvan tot 'n perk van 2 000 $m^2$;

daarna 34 sent per $m^2$ of gedeelte daarvan.

Alle ander vlakke en dak: 21 sent per $m^2$ of gedeelte daarvan.

d) Rioleringstarief

Rioleringstarief betaalbaar ten opsigte van besighede, kantore, nywerhede en mediese suites word bereken teen 21 sent per $m^2$ of gedeelte daarvan, bereken slegs op die grondvloeroppervlakte.

**AANHANGSEL 6**

Elektrisiteitsaansluitingsgelde

Elektrisiteitsaansluitingsgeld — R50.

Heraansluitingsgeld — R50.

**AANHANGSEL 7**

Bedrag vir afskrif van of uittreksel uit dokument en soekgelde

1. Waardasiesertifikaat

Die uitreiking van enige waardasiesertifikaat — R2,00.

2. Koste vir afdrukke van planne

(a) Grootte A0 poliëster —R15,00.

(b) Groote A1 poliëster —R7,00.

(c) Alle groottes papier —R5,00.

Jabulani Flats

| | |
|---|---|
| 3 x Bedrooms | R50,00 |
| 2 x Bedrooms | R50,00 |
| Duplex Flats | R50,00 |

Chiawelo Flats

| | |
|---|---|
| 2 x Bedrooms | R50,00 |
| Bachelor Flats | R50,00 |

(b) Pensioners

A holder who is a pensioner and who has applied and to whom approval has been granted by the City Council in writing to pay a reduced rate, shall pay a reduced rate of R20 per month.

**ANNEXURE 5**

Tariffs for approval of building plans

(a) In respect of a dwelling-unit

(i) For the erection of a dwelling-unit — R40,00.

(ii) For the alteration of and/or additions to a dwelling-unit— R20,00.

(b) In respect of a community facility and/or a registered charitable organization

(i) For the erection of a new community facility — R40,00.

(ii) For the alteration of and/or additions to a community facility — R40,00.

(c) In respect of a business, office, industry and medical suite

Fees payable are calculated on the total floor area of the building at the follwing rates:

Ground Floor: 67 cents per $m^2$ or portion thereof for the first 1 000 $m^2$;

thereafter 42 cents per $m^2$ or portion thereof to a limit of 2 000 $m^2$;

thereafter 34 cents per $m^2$ or portion thereof.

All other levels and roof: 21 cents per $m^2$ or portion thereof.

(d) Drainage fees

Drainage fees payable in respect of businesses, offices, industries and medical suites are calculated at 21 cents per $m^2$ or portion thereof calculated on the ground floor area only.

**ANNEXURE 6**

Electricity connection fees

Electricity connection fee — R50.

Reconnection fee — R50.

**ANNEXURE 7**

Amount payable for copy of or extract from document and search fees

1. Valuation certificate

The issue of any valuation certificate — R2,00.

2. Plan reproduction fees

(a) Size A0 polyester — R15,00.

(b) Size A1 polyester — R7,00.

(d) Bykomstige inligting op plan —R20,00.

3. Voorsiening van inligting wat geredelik beskikbaar is

Inspeksie of voorsiening van inligting wat geredelik aan die Stadsraad beskikbaar is ten opsigte van —

(a) Die naam of adres of albei van 'n persoon — R2,00.

(b) Enige rekening meer as drie maande vantevore gelewer — R1,00.

4. Voorsiening van inligting wat nie geredelik beskikbaar is nie

Fooi vir enige soektog vir inligting wat nie geredelik beskikbaar is nie per uur of gedeelte daarvan — R50,00.

5. Afskrifte of uittreksels

Fooi vir afskrifte of uittreksels uit enige notules of finansiële state of uittreksels van die rekeninge van die Stadsraad en afskrifte van die verslae van die ouditeure per A4-grootte bladsy of gedeelte daarvan (algemene verkoopsbelasting uitgesluit) — R0,50.

6. Fotostatiese afdrukke

Fooi vir enige fotostatiese afdruk waarvoor voorsiening nie elders in hierdie Aanhangsel gemaak is nie, bykomstig tot die voorgeskrewe fooie vir die soektog of ondersoek vir die verkryging van die inligting of dokument per A4-grootte bladsy of gedeelte daarvan — R0,60.

**AANHANGSEL 8**

| Nommer en datum wet | Mate van herroeping insoverre betref die area van jurisdiksie van die Soweto Stadsraad |
|---|---|
| Administrateurskennisgewing 94 van 3 Maart 1925 | Die geheel en alle wysigings daarvan. |
| Administrateurskennisgewing 1278 van 2 Augustus 1972 | Soveel as wat nog nie herroep is nie. |
| Goewermentskennisgewing 703 van 29 April 1977 | Die geheel. |
| Goewermentskennisgewing 2234 van 28 Oktober 1977 | Die geheel. |
| Goewermentskennisgewing 1570 van 1 Augustus 1980 | Die geheel. |
| Goewermentskennisgewing 2044 van 25 September 1981 | Die geheel. |
| Goewermentskennisgewing 393 van 25 Februarie 1983 | Die geheel. |
| Goewermentskennisgewing 2011 van 6 September 1985 | Die geheel. |
| Goewermentskennisgewing 1620 van 28 Oktober 1987 | Die geheel. |
| Administrateurskennisgewing 1881 van 9 Desember 1987 | Die geheel. |
| Administrateurskennisgewing 748 van 29 Junie 1988 | Die geheel. |
| Administrateurskennisgewing 1396 van 30 November 1988 | Die geheel. |

(c) Alle sizes paper — R5,00.

(d) Additional information on plan — R20,00.

3. Furnishing of information readily available

Inspection or furnishing of information readily available to the City Council in respect of —

(a) The name or address or both of a person — R2,00.

(b) Any account rendered more than three months previously — R1,00.

4. Furnishing of information not readily available

Fee for any search for information not readily available per hour or part thereof — R50,00.

5. Copies or extracts

Fee for copies or extracts from any minutes or the annual statement, or extracts from the accounts of the City Council and copies of the report of the auditors, per A4 size page or portion thereof (sales tax excluded) — R0,50.

6. Photostatic copies

Fee for any photostatic copy for which provision has not been made elsewhere in this Schedule, in addition to the fees prescribed for the search or investigation of the information or document, per A4 size page or portion thereof — R0,60.

**ANNEXURE 8**

| Number and date of law | Extent of repeal insofar as concerns the area of jurisdiction of the Soweto City Council |
|---|---|
| Administrator's Notice 94 of 3 March 1925 | The whole and all amendments thereof. |
| Administrator's Notice 1278 of 2 August 1972 | So much as remains unrepealed. |
| Government Notice 703 of 29 April 1977 | The whole. |
| Government Notice 2234 of 28 October 1977 | The whole. |
| Government Notice 1570 of 1 August 1980 | The whole. |
| Government Notice 2044 of 25 September 1981 | The whole. |
| Government Notice 393 of 25 February 1983 | The whole. |
| Government Notice 2011 of 6 September 1985 | The whole. |
| Government Notice 1620 of 28 October 1987 | The whole. |
| Administrator's Notice 1881 of 9 December 1987 | The whole. |
| Administrator's Notice 748 of 29 June 1988 | The whole. |
| Administrator's Notice 1396 of 30 November 1988 | The whole. |